REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **70c** Local
Buitelands R1,00 Other countries
Posvry • Post free

VOL. 300 KAAPSTAD, 7 JUNIE 1990 CAPE TOWN, 7 JUNE 1990 No. 12516

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1303. 7 Junie 1990

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 47 van 1990: Private Wysigingswet op die Universiteit van Stellenbosch (Volksraad), 1990.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1303. 7 June 1990

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 47 of 1990: University of Stellenbosch (Private) Amendment Act (House of Assembly), 1990.

Wet No. 47, 1990 PRIVATE WYSIGINGSWET OP DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH (VOLKSRAAD), 1990

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

PRIVATE WET

Tot wysiging van die Wet op die Universiteit van Stellenbosch, 1959.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 5 Junie 1990.)

Aanhef

NADEMAAL dit vir die beter administrasie en bestuur van die Universiteit van Stellenbosch dienstig is om die Wet op die Universiteit van Stellenbosch, 1959 (Wet No. 37 van 1959) (hieronder die Hoofwet genoem), te wysig met die doel om—

(a) die ledetal van die raad van die Universiteit met een te verminder;
(b) die voorsitter van die raad 'n vaste, *ex officio*-lid van die vise-kanselierskomitee te maak;
(c) uitdruklik te bepaal dat die vise-kanselierskomitee dringende sake kan afhandel sonder om dit daarna vir bekragtiging aan die raad te moet voorlê;
(d) die raad te magtig om enige van sy bevoegdhede en werksaamhede op te dra ook aan raadskomitees wat nie slegs uit raadslede bestaan nie, sodat die raad by geleentheid spesiale kundigheid van buite eie geledere formeel kan benut;
(e) uitdruklik te bepaal dat die uitvoerende komitee van die senaat van die Universiteit dringende sake kan afhandel sonder om dit daarna vir bekragtiging aan die senaat te moet voorlê;
(f) die senaat te magtig om enige van sy bevoegdhede en werksaamhede op te dra ook aan senaatskomitees wat nie slegs uit senaatslede bestaan nie, sodat die senaat by geleentheid spesiale kundigheid van buite eie geledere formeel kan benut; en
(g) enige onsekerheid in verband met die bestaande tugbepalings en die toepassing daarvan uit die weg te ruim:

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 8 van Wet 37 van 1959, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 2 van 1966, artikel 7 van Wet 5 van 1973, artikel 5 van Wet 71 van 1978, artikel 3 van Wet 94 van 1982 en artikel 3 van Wet 83 van 1985

1. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur aan die einde van paragraaf *(e)* van subartikel (1) die woord "en" in te voeg;
(b) deur paragraaf *(f)* van subartikel (1) te skrap; en
(c) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

"(8) *(a)* Die raad benoem tweejaarliks as sy uitvoerende komitee 'n vise-kanselierskomitee, bestaande uit die vise-kanselier as voorsitter, die rektor (indien die rektor nie vise-kanselier is nie), die vise-rektor of vise-rektore, die voorsitter van die raad en nog **[ses]** vyf raadslede,

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH (PRIVATE) AMENDMENT ACT (HOUSE OF ASSEMBLY), 1990 **Act No. 47, 1990**

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

PRIVATE ACT

To amend the University of Stellenbosch Act, 1959.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 5 June 1990.)

Preamble

WHEREAS for the better administration and conduct of the University of Stellenbosch it is expedient to amend the University of Stellenbosch Act, 1959 (Act No. 37 of 1959) (hereinafter referred to as the principal Act), so as—

(a) to reduce the number of members of the council of the University by one;

(b) to make the chairman of the council a permanent, *ex officio* member of the vice-chancellor's committee;

(c) expressly to provide that the vice-chancellor's committee may dispose of urgent business without subsequently having to submit it to the council for ratification;

(d) to authorize the council to assign any of its powers and functions also to committees of the council consisting not only of councillors, so that on occasion the council may formally draw upon special knowledge from outside its own ranks;

(e) expressly to provide that the executive committee of the senate of the University may dispose of urgent business without subsequently having to submit it to the senate for ratification;

(f) to authorize the senate to assign any of its powers and functions also to committees of the senate consisting not only of members of the senate, so that on occasion the senate may formally draw upon special knowledge from outside its own ranks; and

(g) to remove any uncertainty in connection with the existing disciplinary provisions and the application thereof:

BE IT THEREFORE ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 8 of Act 37 of 1959, as amended by section 2 of Act 2 of 1966, section 7 of Act 5 of 1973, section 5 of Act 71 of 1978, section 3 of Act 94 of 1982 and section 3 of Act 83 of 1985

1. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion of the word "and" at the end of paragraph *(e)* of subsection (1);

(b) by the deletion of paragraph *(f)* of subsection (1); and

(c) by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) *(a)* The council shall biennially appoint as it executive committee a vice-chancellor's committee, consisting of the vice-chancellor as chairman, the rector (if the rector is not the vice-chancellor), the vice-rector or vice-rectors, the chairman of the council and **[six]** five other council

wat, benewens die bevoegdhede wat kragtens subartikel (8) *(b)* aan hom **[oorgedra]** opgedra word, die volgende spesifieke bevoegdhede het:

(i) Om dringende sake wat nie uitgestel kan word nie, namens die raad af te handel: Met dien verstande dat besonderhede oor die aldus afgehandelde sake **[onderworpe is aan bekragtiging deur die raad op sy]** op die eersvolgende vergadering van die raad vir sy kennisname voorgelê word;

(ii) om die raad oor beleidsake te adviseer; en

(iii) om die verslae van alle komitees van die raad, behalwe dié van die aanstellingskomitee, die tugkomitee en die eregradekomitee, te oorweeg en aanbevelings daaroor aan die raad voor te lê.

(b) Die raad kan komitees van die raad instel wat uit raadslede of uit sowel **[as uit]** raadslede **[en]** as ander persone bestaan, en hy kan enige van sy bevoegdhede **[en pligte oordra]** of werksaamhede opdra aan so 'n komitee **[deur hom uit sy lede benoem]** of aan enige van die amptenare van die Universiteit: Met dien verstande dat die raad nie ontdoen word van 'n bevoegdheid of werksaamheid aldus opgedra nie, en 'n besluit van so 'n komitee of amptenaar te eniger tyd deur die raad gewysig of tersyde gestel kan word.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 37 van 1959, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 71 van 1978 en artikel 4 van Wet 94 van 1982

2. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) *(a)* Die senaat benoem jaarliks 'n uitvoerende komitee, bestaande uit die rektor as voorsitter en die dekane van al die fakulteite, wat, benewens die bevoegdhede wat kragtens subartikel (7) *(b)* aan hom **[oorgedra]** opgedra word, die volgende spesifieke bevoegdhede het:

(i) Om dringende sake wat nie uitgestel kan word nie, namens die senaat af te handel: Met dien verstande dat besonderhede oor die aldus afgehandelde sake **[onderworpe is aan bekragtiging deur die senaat op sy]** op die eersvolgende vergadering van die senaat vir sy kennisname voorgelê word;

(ii) om die senaat oor beleidsake te adviseer; en

(iii) om die verslae van alle komitees van die senaat, behalwe dié van die aanstellingskomitee en die eregradekomitee, te oorweeg en aanbevelings daaroor aan die senaat voor te lê.

(b) Die senaat kan by besluit, goedgekeur deur die raad, voorsiening maak vir die instelling van komitees van die senaat wat uit senaatslede of uit sowel **[as uit]** senaatslede **[en]** as ander persone bestaan, en hy kan enige van sy bevoegdhede **[en pligte oordra]** of werksaamhede opdra aan so 'n komitee **[deur hom uit sy lede benoem]** of aan enige van die amptenare van die Universiteit: Met dien verstande dat die senaat nie ontdoen word van 'n bevoegdheid of werksaamheid aldus opgedra nie, en 'n besluit van so 'n komitee of amptenaar te eniger tyd deur die senaat gewysig of tersyde gestel kan word.".

Wysiging van artikel 17 van Wet 37 van 1959

3. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Student van die Universiteit is onderworpe aan die tugbepalings wat **[die statute voorskryf]** deur die statute, of deur reëls wat die raad maak, voorgeskryf word.".

Kort titel

4. Hierdie Wet heet die Private Wysigingswet op die Universiteit van Stellenbosch (Volksraad), 1990.

members, which, in addition to the powers **[delegated]** assigned to it in terms of subsection (8) *(b)*, shall have the following specific powers:

(i) On behalf of the council to dispose of urgent business which cannot be postponed: Provided that particulars of the business so disposed of shall be **[subject to ratification by the council at its]** submitted at the next ensuing meeting of the council for its information;

(ii) to advise the council on policy matters; and

(iii) to consider the reports of all committees of the council, other than those of the appointments committee, the disciplinary committee and the honorary degrees committee, and to submit recommendations thereon to the council.

(b) The council may establish committees of the council consisting of councillors **[as well as]** or of councillors **[and]** as well as other persons, and it may **[delegate]** assign any of its powers **[and duties]** or functions to such a committee **[appointed by it from its members]** or to any of the officers of the University: Provided that the council shall not be divested of any power or function so assigned, and a decision of any such committee or officer may be varied or set aside by the council at any time.".

Amendment of section 9 of Act 37 of 1959, as amended by section 6 of Act 71 of 1978 and section 4 of Act 94 of 1982

2. Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) *(a)* The senate shall annually appoint an executive committee, consisting of the rector as chairman and the deans of all the faculties, which, in addition to the powers **[delegated]** assigned to it in terms of subsection (7) *(b)*, shall have the following specific powers:

(i) On behalf of the senate to dispose of urgent business which cannot be postponed: Provided that particulars of the business so disposed of shall be **[subject to ratification by the senate at its]** submitted at the next ensuing meeting of the senate for its information;

(ii) to advise the senate on policy matters; and

(iii) to consider the reports of all committees of the senate, other than those of the appointments committee and the honorary degrees committee, and to submit recommendations thereon to the senate.

(b) The senate may by resolution, approved by the council, provide for the establishment of committees of the senate consisting of members of the senate **[as well as]** or of members of the senate **[and]** as well as other persons, and it may **[delegate]** assign any of its powers **[and duties]** or functions to such a committee **[appointed by it from its members]** or to any of the officers of the University: Provided that the senate shall not be divested of any power or function so assigned, and a decision of any such committee or officer may be varied or set aside by the senate at any time.".

Amendment of section 17 of Act 37 of 1959

3. Section 17 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A student of the University shall be subject to such disciplinary provisions as may be prescribed by the statutes, or by rules made by the council **[may prescribe]**.".

Short title

4. This Act shall be called the University of Stellenbosch (Private) Amendment Act (House of Assembly), 1990.

GEDRUK DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—
BB5691/13300
PRINTED BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—
BB5691/13300